# Oudleerling-Nuusbrief Old Girls' Newsletter

## UIT DIE STOEL

Dear Old Larries / Beste Oud-Larries

It was with sadness that we had to say farewell to Mrs Josephine Spies after many years of selfless service to the La Rochelle Old Girls' Union. We came to know her as being a passionate and committed Larrie. We thank her for the enormous role that she played in the success of the Old Girls' Union. She will be sorely missed.

**INVITATION**

You are cordially invited to our annual OLD GIRLS Function:

**Date**: 14 September 2019

**Venue**: School Hall @ 09:00 for 09:30

**Cost**: R100 (payable at the door or EFT)

(please email proof of payment / hand in at the door)

**RSVP**: Karelien Venter – Tel: 082 962 9929 / email: karelienv@gmail.com




**REüNIE-GROEPE**

Ons het vanjaar die volgende reünie-groepe wat die funksie gaan bywoon:
1959 (60 jaar); 1969 (50 jaar); 1979 (40 jaar); 1989 (30 jaar); 1999 (20 jaar) en 2009 (10 jaar).
Kontak gerus jou jaargroep se skakelpersoon indien jy hierdie geleentheid wil bywoon.

**REüNIEGROEPE: SKAKELPERSONE**

1959: ELSABE ROOSEBOOM – TEL: 021-887 5708 / EPOS: elbe@adept.co.za

1969: CHRISTINE BARNARD – TEL: 082 562 2980 / EPOS: centralmidas@telkomsa.net

1979: VERONICA DE VRIES – TEL: 083 472 7009 / EPOS: pdevries@telkomsa.net

JOAN HARRIS – TEL: 082 442 6545 / EPOS: info@southernstroll.co.za

1989: ASTRID RAATH (DE JAGER) – TEL: 072 959 1365 / EPOS: raaths@telkomsa.net

1999: HILDEGARD CARSTENS – TEL: 074 421 1981 / EPOS: hilliecar@gmail.com

2009: KIRSTEN HILL – TEL: 082 652 8161

**DONASIES/SKENKINGS**

Donasies aan die Oudleerlingbond sal werklik hoog op prys gestel word. Donasies kan oorbetaal word in ons bankrekening. Stel ons asseblief in kennis van enige skenkings/donasies deur 'n epos te stuur aan karelienv@gmail.com.

Bankbesonderhede

| | |
|---|---|
| Rekeningnaam: | La Rochelle OSB |
| Bank: | Capitec |
| Rekeningnommer: | 1641524233 |
| Takkode: | 470010 |
| Verwysing: | NAAM EN VAN EN JAARGROEP |

**LARRIE-NUUS**

Lees lekker van al die Larrie-prestasies in hierdie nuusbrief.

- Besoek ook die skool se amptelike *Facebook*-blad : La Rochelle hms/ghs, Paarl
- La Rochelle Old Girls'Page
- Die skool se webblad: www.larries.co.za
- Gaan kyk ook af en toe op die skakel http://larries.co.za/newsletter/LarriePride.pdf vir 'n nuwe e-LarrieTrots / e-LarriePride

Larrie-groete
Karelien Venter
Voorsitter

## UIT DIE SKOOLHOOF SE PEN

Hoewel ons nou eers in die middel van die jaar is, het die Larries in dié kort tydperk baie bereik.

Die eerste ses maande van 2019 is weer eens 'n bewys dat harde werk beloon word. Die skool ontvang hierdie jaar nie minder nie as vier toekennings vir uitnemende akademiese prestasies in 2018.

Ons ontvang ook 'n sertifikaat tydens 'n funksie vir die Top Matriek Presterende Skole in Drakenstein Munisipaliteit. Ons behaal 'n 100% slaagsyfer vir die 23ste jaar en 'n totaal van 294 vakonderskeidings in 2018.

***Skole Ondersteuningsentrum (SOS)*** – Ons word vereer vir die merkwaardige prestasie (aantal onderskeidings per kandidaat) van die 2018-Matriekgroep (18$^{de}$). Twee vakke is ook op die Top-20-lys met die hoogste % vakonderskeidings: Afrikaans Huistaal (5$^{de}$) en Lewenswetenskappe (10$^{de}$).

***WKOD – Taal en Wiskunde Sistemiese Toetse*** – Die skool ontvang die toekenning vir Algehele Uitnemendheid in Akademiese Prestasie: Gr 9 (2018) vir skole met 'n minimum van 30 leerders wat skryf (5$^{de}$).

***Departement van Basiese Onderwys*** – HMS La Rochelle is die Top Presterende Skool in Kwintiel 5 landswyd. La Rochelle ontvang 'n Trofee en Sertifikaat van die Minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, tydens 'n glansgleentheid in Sandton. As skoolhoof kry ek hiermee die geleentheid om 'n leierskapskonferensie in Birmingham, Engeland, by te woon.

Benewens die akademiese prestasies, het La Rochelle vanjaar baie goed op die jaarlikse 4M Atletiekbyeenkoms presteer en wen 5 trofeë vir beste individuele prestasie gelewer in 'n ouderdomsgroep. Die Larries eindig algeheel tweede. Die optrede gelewer van en op die veld getuig van eerlike, nederige, opregte sportmanskap.

Die skool se visie is om "*waardegedrewe jong vroue te bemagtig om eienaarskap van hul toekoms te neem",* en die skool strewe daagliks daarna.

## NEWS FROM AND ABOUT OLD GIRLS

Mevv. **TINA BERGH (MöLLER – 1938)** en **JULENE ALBERS (DU PLESSIS – 1938)** is in 2019 oorlede. Tannie **MARTHA ALETTA LUTZ (ALMA) (1950)** is op 23 Mei 2019 op die ouderdom van 86 jaar oorlede. Mevv. **CHRISTINE LOUW** en **SUSAN CILLIé (ROSSOUW – 1938)** is in 2018 oorlede. Ons innige meegevoel aan die families en vriende.

In 2018 wen **ELSA JOUBERT (MURRAY – 1939)** op 95-jarige ouderdom Suid-Afrika se grootste boekprys, naamlik die *KykNet-Rapport Nie-fiksieprys* toegeken vir haar boek, "Spertyd". Die boek is die derde aflewering van haar outobiografie. Soos sy in 'n onderhoud genoem het, werk sy nie tans aan iets lanks nie, aangesien, volgens haar, 'n mens baie reserwe-energie daarvoor benodig, iets wat sy tans nie het nie. Die versoeking is sterk en steeds daar om 'n emosie of gedagte in woorde te wil uitdruk, bloot omdat dit soveel vreugde gee om dit te doen.

**JEANNE ESME CILLIERS (1945)** is tans woonagtig in Groenleegte Versorgingsoord en is 91 jaar oud. Sy en haar suster, Welma, was dagskoliere en Mej. Meyer was tydens hul skoolloopbaan skoolhoof. Na matriek het Me. Cilliers by die *Royal Baking Company* gewerk en later, toe die fabriek Johannesburg toe skuif, het sy by *Spilo* gaan werk. Sy moet gereeld suurstof ontvang en haar sig is swak, maar daar skort niks met haar geheue en pittige sêgoed nie.

**Me DC LE ROUX (Skoolhoof: 1963 – 1992)** woon nog in die Strand en het haar 87ste verjaarsdag op 9 Februarie 2019 gevier.

**MERLE HORWITZ (ADLER - 1968)** has, for the past 22 years, been living in the USA, currently in Atlanta, Georgia. She is serving on the Board of Governors of the AJC (American Jewish Committee), with offices in 22 countries, as well as being a board member of the Transatlantic Institute in Belgium. Matters that are dealt with, cover the continuous fight against the rising tide of Anti-semitism, cyber security, human rights issues and interfaith bridge building. Merle has proven herself as a public speaker at conferences

and as a member/organizer of international discussion forums addressing, for instance, the impact of the current turbulent Iran-United States relations, as well as the rising power of the terrorist group Hezbollah in the Middle East. To quote Merle: “Most of the work I do, is to foster interfaith, inter-religious and inter-ethnic bonds and bridges”. The Class of 68 is proud of her!

**NADIA HONEYBALL (LOUW - 1989)** het ‘n Honneursgraad in Joernalistiek verwerf en sy het daarna die Adjunk-Redakteur van *Huisgenoot* geword. Sy is tans die Nasionale Nuushoof van *Netwerk 24*. Sy is getroud en het 2 seuns, onderskeidelik in gr. 12 & gr 10.

**MIKI REDELINGHUYS (1987)** is a documentary filmmaker who focuses on using film as a tool for change. In 2018, her documentary film, *This Land,* was screened in mobile cinemas around the country to unlock dialogue on land reform and was supported by the *Nelson Mandela Foundation*. She is currently working on a documentary about urban land and activism in Cape Town.

THIS LAND TRAILER: https://www.youtube.com/watch?v=wpzq2650g7c

**MARIA BELLMUNT (PROKOPIOU - 1987)** did a 1 year pattern-making course followed by a 3 year course in clothing design at the Cape Technicon. Maria is the designer of the 4M Cheerleaders’ outfits every year. She also designed some of the Ms La Rochelle Pageant finalist evening wear in previous years. She is the owner of the ballet shop, *Le Petit Tutu* in Paarl.

**LOUISE GOSLETT (BRINK – 1991)** is Direkteur van die *Medical Wound Wizard*, Paarl en het die *Advanced Wound Care Academy* bygewoon in Dubai. *Medical Wound Wizard* is hierdie jaar 6 jaar oud. Louise het ‘n absolute passie vir haar werk en elke wond is vir haar ‘n uitdaging. Pasiënte praat met lof van Louise en *Medical Wound Wizard*. Sy is al vir die afgelope 10 jaar betrokke by *CANSA RELAY FOR LIFE* om fondse in te samel en bewusmaking te verkry vir kankerpasiënte.

**ZELDA WEITZ (1992)** is, na amper 7 jaar van woon en werk in Afrika (Madagaskar, Nigerië, Tanzanië, Rwanda) en die VSA (DC en NYC), nou amptelik terug in Suid-Afrika saam met haar Amerikaanse man. Zelda is tans die COO/ Hoof Operasionele Beampte van *Symbion Power*, ‘n privaat kragvoorsiener *(IPP)* wat kragsentrales besit en projekte in Afrika ontwikkel. *Symbion Power* het ‘n kantoor in Kaapstad oopgemaak om die operasionele aspekte van hul projekte in Afrika te bestuur.

**LINDI & DEIDRE PRINSLOO (1993),** reeds kranige tennisspelers op skool, het silwer medaljes in hul ouderdomsgroep tydens die *ITF Sevilla Seniors Open* Tennistoernooi in Miami gedurende 2018 gewen.

**DELIA LOUW (1994)** het haar BA-graad in Sielkunde en Geografie verwerf en het daarna ‘n Meestersgraad in Stads- en Streeksbeplanning ontvang. Sy het ‘n jaar vir die Drakenstein Munisipaliteit gewerk en is daarna oorsee en het gaan skoolhou. Sy is tans ‘n agent vir *Van Loveren Wyn* en ook vir *Karmien Rooibostee*. Sy woon in Tokio waar sy *Karmien Rooibostee* bemark. Dit word in die Citrusdal-/Clanwilliam-omgewing verbou en is baie gewild onder die Japanese. Sy kom elke vier maande terug Kaap toe vir ‘n kort kuier.

**ADRIENNE DU PLESSIS (BARNARD – 2000)** is a qualified Chartered Accountant for the last 10 years and with her passion for dressing and styling people she opened her own business, Adrienne Du Plessis Image Consultant, based in Paarl.

**RENé VAN ROOYEN (SPIES - 2002)** filmmaker of the magical realist period drama, TOORBOS, won the Works in Progress Award for final mix at the 2018 Cape Town International Film Market and Festival (CTIFMF). Out of 54 entries from over 15 countries in Africa, the film was one of five fictional works selected to be included in the *CTIFMF Works in Progress Programme*. René en haar man se maatskappy, *Red Letter Day Pictures*, is die vervaardigers van ***Alles Malan***. Hierdie reeks speel af in en om die Paarl. Hulle was die hoofskrywers en regisseurs van hierdie vervolgreeks wat op 9 Julie 2019 op *KykNet* begin het.

**WALDI HOON (DU TOIT - 2006)** completed her BA Motion Picture at AFDA Cape Town, majoring in cinematography. After completing her degree, she jumped straight into content creation for e-learning working for *Lobster Ink* after which she worked as Head of Advertising for a leading content agency. She then joined *BOO!* as their Executive Producer and GM–Student Media.

**KARMEN DE REUCK & NIKKI ALBERTYN (2008)** is die eienaars van *Lion Heart Patisserie Studio* in Woodstock, Kaapstad. Hulle het 'n unieke styl en bied 'n reeks handgemaakte koeke, *cupcakes* en ander lekkernye vir spesiale geleenthede. Hulle ken mekaar al sedert hul kleuterskooldae en het altyd daarvan gedroom om saam 'n onderneming te begin. Nikki het gedurende Februarie 2019 die *Bakers* prys deur die *Woman in Food XX Awards* ontvang.

**ANJA CAROSINI (2012)** was Mej La Rochelle 2012 en het 'n modelkontrak gewen by *BOSS Models* wat vir haar baie deure oopgemaak het. Sy modelleer tans vir *ICE Models.* Sy woon in Dubai en het onlangs verloof geraak.

**NADENE DE VILLIERS (2013)** is as Produksie Assistent by die TV reeks ***Alles Malan*** betrokke.

**SIGI BURGER (2014)** is still performing on the netball courts and was the Surrey Storm Player of the Season 2019 and is a nominee for the *Vitality Superleague Sky Netball Award.* She is amember of the South African Team which participated in the World Cup Netball Tournament in Liverpool.

**MONRO GRIER (2015)** studied BA in Humanities and majored in English and History at Stellenbosch. She wrote an article for the *Paarl Post* dated 13 June 2019, where she tells about her experience in Vietnam where she is currently teaching English.

**ANGELINE SMIT (2016)** is studying at Arkansas State University and took part in the *Sun Belt Conference* in Arkansas, where she won a 3rd and 4th place in shotput. She was the Athletics Captain in 2016.

**JANA SCHOLTZ (2016),** nog 'n uitblinker op die netbalbaan, is gekies vir die *Free State Crinums*-span vir 2019.

**DANI VILLÉ (2018)** het haar 1ste debuut enkelsnit en musiekvideo, "VERDWAAL". Vrygestel. Sy het al by verskeie feeste, soos die *KKNK* en die *Olyffees*, Riebeeck Kasteel, opgetree.

**LEANDRA CUSTODIO (2018)** received an athletics scholarship at Jacksonville State University in Alabama USA and is currently a freshman. She is doing a 4 year Bachelor's Degree in Psychology. The latest event in which she took part, was the *Ohio Valley Conference Outdoor Track and Field Championships.* Leandra came 7th in the Conference for the 400m Hurdles and she was the only freshman to bring in points for the University. The *Jax State Track Woman Team* won *the OVC Team Sportsmanship Award for Outdoor Track and Field*. She was the Athletics Captain in 2018.

**REGSTELLING**

Hiermee 'n regstelling uit die Nuusbrief van Augustus 2018:

**Liezl du Toit (Terblanche)** is nie net 'n mediese dokter nie, maar ook 'n Plastiese en Rekonstruktiewe chirurg. Sy doen ongelooflike werk regoor die wêreld.

# IMPORTANT / BELANGRIK

Hierdie is die laaste brief wat per landpos aan u gestuur gaan word. Voorsien ons assebief van 'n eposadres sodat ons die nuusbrief in die toekoms elektronies aan u kan stuur.

This is the last letter that will be sent to you via land post. Please supply us with an email address to, in future, have your newsletter sent to you electronically.